# AFRIKA-SEMINAAR

## NASIONALISME IN AFRIKA

### 1 Inleidend

„De strijd om de nationale zelfstandigheid, zoaals die in de koloniale en semi-koloniale landen van het Oosten wordt gevoerd," skryf dr. J. H. Verdoorn in 'n insiggewende werkie oor **De Zending en het Indonesisch Nationalisme**, is 'n deel van die historiese proses van die ontmoeting van Oos en Wes. „De steeds intensiever wordende penetratie van de dynamische Westersche civilizatie in de statische Oostersche maatschappij vormt een proces van wereldhistorischen omvang en betekenis, dat reeds sinds eeuwen aan den gang is, maar dat in het bijzonder vanaf het begin der 20ste eeuw een snelle en beslissende ontwikkeling doormaakt — een ontwikkeling, die met name door de twee groote wereldoorlogen en hun gevolgen op een ongekende wijze geforceerd is." Een van die gevolge hiervan is dat „de volken van Azië (worstelen) om zich te bevrijden van de kluisters, die hun aan een veelal verstard en steriel geworden verleden binden en die daardoor een belemmering vormen op den weg naar maatschappelijke en geestelijke vernieuwing". Dit vind plaas op 'n besondere en interessante wyse. „Hier openbaart zich de ambivalente houding van het Oosten tegenover het Westen: aan den eenen kant het verzet en de strijd tegen iederen vorm van Westersche politieke, economische en geestelijke dominatie, omdat men die in steeds dieperen zin ervaart als een onrecht, de volken van het Oosten door het Westen aangedaan — aan den anderen kant een bewondering voor en een stijgend verlangen naar de dynamiek, die het geheim vormt van het Westen en die ook voor het Oosten onmisbaar blijkt te zijn in zijn worsteling om maatschappelijke en geestelike levensvernieuwing."

Deur oral in bostaande sitaat die woord Ooste met Afrika te vervang sou ons die bewerings feitlik onveranderd kan toepas sonder om die waarheid geweld aan te doen of om die situasie

skeef voor te stel. Dit is die nasionale ontwaking van die volke van hierdie kontinent wat aan Afrika 'n sentrale plek verleen in die nuus van die dag. Afrika is besig om hom te verset teen die eienaardige posisie waarop Lord Hailey attendeer nl. „the singular fate of Africa that so many of its countries should be subject to the political control of one or other of the European Powers." (An African Survey — Revised 1956). In Afrika, soos in die Ooste, openbaar die rassevraagstuk hom vandag as 'n nasionale vraagstuk, d.w.s. die strewe van die geel en swart volke na nasionale vryheid veral in die sin van die verkryging van politieke selfbeskikkingsreg.

'n Detail-ontleding van die aard en openbaringsvorme van die nasionale ontwaking van die Afrikavolke, is hier nie moontlik nie. Wat hieronder volg is persoonlike indrukke van en voorlopige gedagtes oor die onderwerp. Dat hierdie verskynsel of proses van wêreldhistoriese betekenis in Afrika werklik bestaan en dwarsoor ons kontinent homself laat geld, moet as feit aanvaar word. In ons daaglikse nuus vorm dit 'n belangrike item. En indien ons geneig mag wees om so gewoon te raak daaraan, dat die daaglikse beriggewing ongemerk by ons verbygaan, dan kom gebeure soos dié in Algerië, maar nader nog in die Kongo en in Njassaland met 'n eienaardige skokkende geweld om ons vatbaarheid en opmerksaamheid op te skerp en te laat wonder hoelank dit nog anderkant ons drumpel sal bly. Dit is seker nodig om te waarsku teen die self-tevrede houding wat in baie kringe ingeneem en selfs deur ons party-organe so leedvermakerig verkondig word:
„Julle het die botsings by ons verwag maar ons is nog veilig. Vee maar voor julle eie deure!"

Die tyd en ruimte laat my toe om slegs enkele van die belangrikste aspekte van die nasionale ontwaking te probeer aantoon. 'n Deeglike studie van die verskynsel as sodanig is nog nie gemaak nie; indrukke moet hoofsaaklik verkry word uit die persweergawes van gebeure, uit enkele oorsigtelike en algemene publikasies, uit staatsverslae ens. Van die gebiede buite die Unie dra ek ook geen eerstehandse kennis nie, terwyl selfs die t.o.v. die Unie maar sporadies, oppervlakkig en nog gebrekkig is.

## II AFRIKAANSE VERSKEIDENHEID

Dit is waarskynlik onjuis om in die enkelvoud van die nasionalisme van Afrika te praat. As sodanig is dit 'n blote abstraksie en dien dit slegs om aanduiding te gee van 'n verskynsel met enkele gemeenskaplike gronde maar met ongetwyfeld groot verskeidenheid en verskil in openbaringsvorme, inhoud en metode. Net soos die Afrikaanse vasteland geen geografiese homogeniteit is nie, is hy raskundig, kultureel, taalkundig, op ekonomiese en beskawingsterrein 'n verbluffende heterogene gebied. Noord-Afrika behoort o.a. geografies en raskundig en polities en beskawingsmatig tot die Middellandse See-gebied en grootliks tot Europa. Terselfdertyd loop die drade wat Noordoos- en Oos-Afrika met Asië verbind, sterk en diep en veelvuldig deur die Noorde en Noordweste. Dit is opmerklik dat die Verenigde Arabiese Republiek sy sentrum en oorsprong en

dryfkrag in Afrika het. Net so behoort die suidelikste punt eerder tot Wes-Europa — kultureel, ekonomies en algemeen-geestelik gesien — as tot enige van die ander streke van die kontinent. Maar afgesien hiervan is daar die veelvuldige en deureensnydende onderskeidinge en verskille tussen Semiet, Hamiet, Neger, Bantu en allerlei vermenginge van hierdie vier rassegroepe; verskille van taal, verskille van historiese gevormdheid en gerigtheid; van strewe en doelstelling, van godsdiens en beskawing.. Die bewering sou stellig sonder veel vrees vir teenspraak gemaak kan word dat die enigste gemeenskaplike faktore in die situasie die volgende is: bewoning van een kontinent; 'n nie-blanke gelaatskleur en een „vyand." Hiervan is laasgenoemde die sterkste, maar dan ook die tydelikste bindingsfaktor.

## III BEHOEFTE AAN BONDGENOTE

Die verskeidenheid ontken nie die feit van die bestaan van 'n Pan-Afrikaanse strewe nie. Die Pan-Afrikanisme is in eerste instansie die uiting van 'n soeke na bondgenote. In werklikheid gaan dit wyer as Afrika. Die beste voorbeeld van die angstige en byna hartstogtelike psigiese behoefte aan bondgenote is die Bandoeng-konferenise en die Kairo-konferensie, met die doel om Asiatiese en Afrikaanse hande saam te slaan in 'n verenigde poging tot bevryding van „kolonialisme en imperialisme". Dat die Oosterse inisieerders van en deelnemers aan hierdie konferensies hoogs waarskynlik met meer as altruistiese motiewe besiel was en ook ander as onselfsugtige doeleindes nagestreef het, verander niks aan die behoefte aan mag en bondgenote van Afrika in sy worsteling nie.

Min of meer in dieselfde lig, moet die aanvaarding van morele en materiële hulp vanuit die Kremlin beskou word. Dat daar 'n ontstellende, kragtige, dinamiese en omvattende Kommunistiese aksie in Afrika aan die gang is, behoef hier geen betoog nie (daaroor volg later 'n afsonderlike voordrag). Desnieteenstaande hou ek my daarvan oortuig dat die hulp wat verwag en aanvaar word nie ter wille van die ideologiese as sodanig is nie. Natuurlik hou dit ook verband met die bekende Kommunistiese tegniek, nl. om aansluiting te vind by die ernstigste griewe van die volk onder bearbeiding. In hierdie geval is dit die werklike en/of vermeende politieke onvryheid en onderdrukking. Gevolg is dat die hulp uit die Kremlin aanvaar word as Russiese, eerder dan as Kommunistiese hulp. My indruk is dat die oorgrote massa van die bevolking te agterlik is om iets te begryp van die bolsjewistiese leerstellings, en dat die klein elite te begaan is oor hulle voorregte om werklik bolsjewiste te wees. Maar albei is dit daaroor eens dat die hulp in die vorm van leiding, organisasie, emosionele hoogdruk finansies ens. uit daardie oord nuttig en tot 'n groot mate onontbeerlik is vir die sukses van hulle strewe.

Voordat aandag gegee word aan die verskynsel van Pan-Afrikanisme self, kan die hartstog van die eenheidstrewe en magsbehoefte waarskynlik ook geillustreer word aan die hand van die verset teen etniese onderskeiding en die beklemtoning van die naam en idee van African. Hierdie naam het onder die nietradisionele leiers van die Bantoes in

Suid-Afrika bv. simbool geword van die eenheid en mag van 200 miljoen mense. Om Bantoe genoem te word, is om toe te gee aan 'n beleid van verdeling en gevolglike onmag. Eweso die etniese verdeling in Nguni en Sotho, Zulu en Xhosa, ens.

### IV PAN-AFRIKANISME.

Besonder belangrik is die Pan-Afrikaanse strewe. Die invloed van die afgelope Pan-Afrikaanse konferensie te Accra op hierdie gedagterigting, soos op dié van nie-blanke nasionalisme in die algemeen, moet nie onderskat word nie. Die volgende Pan-Afrika-konferensie is reeds belê om in Zanzibar plaas te vind. Suid-Afrikaanse naturelle dat die Accra-konferensie bygewoon het, sowel as andere wat slegs die berigte daaroor gelees of gehoor het, is diep beindruk deur die gedagte dat twee honderd miljoen mense die vryheidstrewe van die Bantoe in Suid-Afrika rugsteun.

Die uitwerking van Accra in sy emosionele aspekte is reeds meer as duidelik in die jongste gebeure in Njassaland onder leiding van dr. Hastings Banda en in die aankondiging van die A.N.C. in die Unie m.b.t. 'n voorgenome ekonomiese boikot. Maar die Pan-Afrikaanse idee leef ook sterk onder die jong nie-blanke intellektueles van die idealistiese tipe — die droom van 'n groot en verenigde vrye Afrika. Dat hulle min of meer soos die Capricorn Society, in die wolke sweef sonder 'n voet op die aarde te hê of 'n oog vir die onversoenbare verskeidenhede in Afrika, blyk baie duidelik uit die opvattinge van die Africanist-groep van die A.N.C. 'n Duidelike voorstelling van 'n vertaling van die Pan-Afrika-gedagte in die konkrete werklikheid van die politieke, ekonomiese en sosiale situasie, is tot dusver by die mense nog afwesig.

### V POLITIEK EN KULTUUR

'n Ander, veral vir die Afrikaner, opmerklike verskynsel van die nasionalisme in Afrika, is die onderskikking van die kulturele aan die politieke. Vir die Afrikaner het die strewe om nasionale vryheid in paralelle bane geloop: politiek en kultuur, lg. in die sin van 'n taalstryd, 'n skoolstryd en 'n algemene worsteling om die eie in die kultuurlewe te „handhaaf en (te) bou". Die een is ook deur die ander gedra en wedersyds beinvloed. Die ambivalente houding waarvan Verdoorn praat, is seker nêrens duideliker te bespeur as op hierdie terrein nie.

Die politieke staan onbetwisbaar voorop. In die min of meer homogene gemeenskappe beteken dit die stryd en strewe na politieke selfbeskikking — „to manage or mismanage our own affairs." Dit kom neer op een saak, nl. die vervanging van die landsbestuur vanuit die koloniserende land en deur sy verteenwordigers deur 'n landsregering saamgestel uit en deur die meerderheid van die inwoners van die betrokke gebied. In die gemengde gebiede, d.w.s. waar daar naas die nie-blanke inboorlingroepe ook ander „nuwe immigrantegroepe" soos Arabiere en Indiërs, en veral waar blankes, gevestigde gemeenskappe vorm, is die situasie enigsins ingewikkelder. Politieke gelykstelling hou hier ander implikasies in. Dit kom voor asof die algemene ideaal in dié geval die sogenaamde „racial integrated" of „multiracial society" is. In werklikheid verstaan die pleitbesorgers hiervan 'n „non-

racial society", d.w.s. een waarin die ras-begrip en wat daarmee saamhang politiek en sosiaal en emosioneel geen betekenis, rol of waardering sal hê nie.

Oorgesit in die taal van praktiese politieke beleid beteken dit dus dat almal (behoudens natuurlik sekere ouderdoms- en ander kwalifikasies) die stemreg moet besit. Aan die probleme van botsende nasionalismes is en word daar, onder die oorbeklemtoning van die rasseverskille, blykbaar feitlik geen aandag gegee nie. Terwyl die Afrikaner, hoewel ook gedryf deur praktiese omstandighede, in beginsel 'n beleid van nasionale apartheid vir homself en ander aanvaar, word die gedagte prinsipieel eintlik nog altyd deur die nie-blankes in Afrika afgewys. Waar dr. Hastings Banda dit nou wel aanvaar het in sy voorstelle vir die Zanzibar-konferensie, is dit blykbaar eerder om praktiese gronde — die teenstand van die blankes in die Federasie teen totale en konsekwente vennootskap — as om beginselgronde. 'n Zulusegsman het die algemene opvatting so gemotiveer: In die naturelle lewe was dit die gewoonte dat as 'n stam deur 'n ander oorwin is, die orwonnene opgeneem is, al was dit dan geleidelik, in die geledere van die oorwinnaar. So het hulle ook die oorwinning deur die blanke aanvaar, maar toe die blanke nie bereid was om die nie-blanke oorwonnene in sy gemeenskap op te neem nie het daar verwarring, agterdog, frustrasie en vyandskap ingetree. Die nie-blanke politieke strewe is in die gemengde gebiede veral dus in die eerste plek 'n strewe na politieke medeseggenskap en nie na afsonderlike politieke selfstandigheid nie. Mede vanweë die feit van hulle getalle-oorwig, wat in 'n situasie van politieke gelykstelling binne dieselfde staatsgemeenskap prakties moet lei tot dominasie en nie net tot samewerking nie, is die afsonderlike bestaan nie so 'n noodsaaklikheid as in die geval van die minderheidsgroep nie. Daarmee is nie beweer dat die nie-blanke nasionalisme volkome onvatbaar is vir die gedagte van afsonderlike politieke ontwikkeling nie.

Die dubbelslagtige houding wat enigsins deurskemer op die politieke front, word veel duideliker op die kulturele. Behalwe enkele kleiner organisasies miskien vir die handhawing en uitbouing van die nasionale en tradisionele kultuur, ken die inboorlingvolke nie die bewuste kultuurstryd wat parallel loop met die politieke aksie nie. Hier heers ongetwyfeld groot verwarring. In Suid-Afrika is ons bewus van die dikwels hartstogtelike en byna fanatieke verset teen enige staatsbeleid ten opsigte van die nie-blankes wat maar enigsins probeer om uiting te gee aan die nasionale lewensbeskouing. Voorbeelde hiervan is o.a. die Wet op Bantoe-onderwys, etniese groepering en trouens enigiets wat die Bantoe as 'n afsonderlike kultuurgroep wil behandel, afgesien selfs van horisontaal diskriminerende maatreëls. Dit moet erken word dat die situasie uiters ingewikkeld is, want haas alles word krities-ongelowig betrag deur 'n bril van diepgesetelde en omvangrike agterdog. Nogtans bly die agterdog en verset van baie Bantoes teen die skole en universiteite, teen moedertaalmedium ens. vir ons eintlik onbegryplik. Op hierdie tydstip altans weeg ekonomiese struikelblokke swaar-

der as die waardering vir 'n eie taal. Moedertaalmedium sou die kind op skool nie toerus vir 'n verdienste in die deur blankes beheerde ekonomiese struktuur nie. In die akademiese wêreld het dit geen waarde nie, omdat dit nog geen wetenskaplike uitingsmiddel is nie.

Teenoor hierdie strewe, waarin gelykwaardigheid en gelykvormigheid op politieke en kulturele terrein as sinoniem aanvaar word, staan dan tog weer die ervaring wat by haas elke gewelddadige uitbarsting van die nasionale strewe opgedoen word. Daar was nog haas geen enkele geval van so 'n aard waarin 'n teruggrype tot die nasionale en gevolglik ook tot die heidense tradisie nie voorgekom het nie. Die **Watu Mungu** van Kenia het in 1947 alle Europese kleding verwerp en velklere aangeneem. Die Mau-Mau se bloed-eed en ander ritueel is van dieselfde orde. In verband met die Njassalandse onluste het die pers meegedeel hoe daar teruggeval is op die kombers as kleding.

Nie sonder rede nie gee Hodgkin in sy werk **Nationalism in Colonial Africa** plek aan „prophets and priests." Die ambivalente houding het hom ook terdeë geopenbaar in kwasi-religieuse en terselfdertyd semi-politieke organisasies, bewegings en optredes. Die voorlopers van die Mau-Mau moet hoogswaarskynlik gesoek word in 'n aantal kwasi-christelike sektariese bewegings. Soos in die meeste van die separatistiese sektes, is die kern daarvan 'n eienaardige samevoeging van grepe uit die Ou en die Nuwe Testament plus onverborge elemente van die tradisionele heidense religie. Teen soortgelyke nasionaal-religieuse bewegings het die Britse gesag o.a. te kampe gehad in die vroeëre Goudkus in die geval van die Goue Stoel van die Ashanti of in die Soedan teen die Mahdiste. Na die Eerste Wêreldoorlog sowel as na die Tweede het die interessante verskynsels van die „Cargo-cults" en die verskeie Messiaanse bewegings ontstaan. Dit was in wese verskynsels waarin sosiale en politieke verwagtings, verlange na die „verlore paradys" op emosioneel-godsdienstige wyse uiting gevind het. Daar is voorwaar niks nuuts onder die son nie, as in gedagte gehou word met watter aardse politieke en sosiale verwagtings die ware Messias bejeën en uiteindelik verwerp is.

In hierdie verband is dit miskien ook noemenswaardig met watter beroepe op die Christendom en Christelike beginsels baie Bantoeleiers hulle saak stel sonder dat hulle jou werklik oortuig van hulle begrip en belydenis van die volle rykdom daarvan volgens die algemene gereformeerde of Calvinistiese beskouings. Dit is dan ook nie onbegryplik dat 'n Amerikaans-opgeleide nie-blanke leraar 'n vroeëre vryheidsbeweging in Njassaland gelei en selfs met die hoof van een van die blanke slagoffers voor hom op die kansel gepreek het nie! Is dit te veel gesê as beweer word dat elke nasionale vryheidsbeweging harts togtelik soek na 'n verdiepte, religieuse wortel en regverdiging vir sy bestaan, optrede en doelstelling?

**VI VERHOUDING TOT DIE BLANKE**

Die voorgaande is nie los te maak van die houding van die nasionale bewegings en hulle optrede teenoor die blanke nie. Dieselfde tweeslagtige houding is hier ook bespeurbaar. Daar is 'n diep innerlike strewe om soos die blanke te

wees, om met hom te wees en om in sy gelederc opgeneem te word. Dit is veral die behoefte by die grootste persentasie opgevoede, Westers-bewuste nie-blankes. Daar is ook baie, veral leiers wat erken, soos die gematigdes in die Goudkus bely het, dat as die blankes vandag „in die see gejaag", d.w.s. op een of ander wyse gelikwideer word, die nie-blanke self more „back in the bush" sal wees. A.N.C.-leiers in die Unie gee oor en oor die versekering dat die beweging nie anti-blank is nie; dat hulle op alle wyse wil toon dat hulle soek na 'n vreedsame naasmekaar-bestaan en nie na dominasie nie. Die eerlikheid en opregtheid van die standpunt by die grootste deel van die leiers moet toegegee word. Hoe algemeen hierdie opvatting is, is uiteraard moeilik bepaalbaar. Die probleem is egter 'n praktiese, nl. nie van wat hulle **wil** nie, maar eerder van wat die situasie reeds was en is en van wat hulle **kan**. Die feitlike posisie is dat daar oral waar blanke gesag oor nie-blankes bestaan 'n diepgewortelde gevoel van agterdog en van latente haat teenoor die blanke aanwesig is. Elke blanke, selfs dié wat hulle lewe wy aan die noodleniging van die nie-blankes, word aan die algemene haatlike begrip van blanke gebind. Dan gebeur wat in Oos-Londen plaasgevind het. Die vraag is of die leiers, hulle wat beweer dat hulle besef dat in Kenia en Rhodesië en in die Unie, blank en nie-blank langs mekaar moet bestaan, en dit ook eerlik bedoel — of hulle die groot massa wat in spanninggstye deur emosie gestu en nie deur verstand gelei word nie, sal kan beheer. Is die leiers wat kan en wil onderskei tussen bestaande gesag-struktuur en die blanke as sodanig, tussen die knelling van die blanke gesag en die voordele wat die blanke se koms en sy gesaguitoefening gebring het, sterk genoeg om hulle volgelinge te weerhou van die botviering van hulle opgekropte gemoedere in brand en bloed? Kenia, die Kongo en Njassaland skryf hieroor 'n groot vraagteken.

## VII LEIERSKAP

Dit lei eintlik tot 'n vraag oor leierskap in en van die nasionale bewegings. Die jongste verlede het 'n aantal name groot op die kaart geplaas: o.a. Nasser, Nkrumah, Mboya, Banda, Luthuli. Nie een van hulle is 'n tradisionele leier in die streng sin van die woord nie. Met uitsondering van Egipte waarskynlik, het daar onder die blanke regime geleidelik 'n tweeledige leierskap ontstaan onder die inboorlingvolke. Eers ondermyn en daarna weer herstel en kunsmatig opgebou deur die beleid van Native Authorities en van Bantoe-owerhede, het die ou stam- en etniese leiers bly voortbestaan. Hulle het weliswaar 'n funksie- sowel as 'n betekenisverandering ondergaan. As simbool van die stam of etniese groep teenoor ander stamme/ etniese groepe resp. word hulle nog gewaardeer. Maar naas hulle het ander leiers opgekom sonder erflik-tradisionele agtergrond. Hulle was en is mense met ervaring en kennis van die Westerse lewe, van die blanke en sy lewens wyse van sy politiek en van sy organisasietegniek. Hulle het die leiers geword van die nuwe organisasie-vorme waarin die nasionale beweging tot uitdrukking sou kom. So groei hulle tot die spreekbuis van die nie-blanke in gemeenskaplike sin bo etniese en stamverdeling teenoor die blanke en sy gesag. Hieron-

der is ook enkele erflike of gekose erkende of benoemde tradisionele leiers maar die meeste kom uit ander kringe. Hierin lê waarskynlik ook die geheim van hulle strewe na erkenning van gelykheid met die blanke en van 'n moontlike, in enkele gevalle duidelike jaloesie en verdeeldheid.

Dit bly altyd moeilik en daarby gevaarlik om 'n oordeel uit te spreek oor persone. Hier moet dus met enkele algemene stellings oor die leierskapskwaliteite volstaan word. Dit is nie onbegryplik of histories vreemd dat gedurende die fase van die vryheidstryd, van ontworsteling aan die knellende gesag, reaksionêre persoonlikhede dikwels sterk op die voorgrond tree nie. Diesulkes is daar ongetwyfeld ook onder die leierskorps van die vryheidsgeledere. Terselfdertyd moet mens gewaarsku word teen 'n te algemene en simplistiese opvatting asof almal wat een ok ander leiersposisie in die nasionale bewegings beklee, maar net sg. agitators is, as daaronder verstaan moet word onbekwame lawaaimakers. Daar is 'n uiters sterk element van akademies goed opgeleide, in Westerse sin opgevoede en beskaafde mense in hierdie leierskorps. Daar is bekwame organiseerders en uitgeslape politici. Daar is mense wat op verskeie terreine, waarvan die ekonomiese in toenemende mate belangriker word, bewys gelewer het van hulle meriete. Vanselfsprekend moet die geleentheid nog aanbreek wat sal dien as toets om vas te stel of daar ook werklike staatsmanne, werklike groot leiers in elke sin van die woord is. Elke suksesvolle opposisieleier is nie vanselfsprekend 'n ontluikende staatsman nie. Nogtans moet hier, veral ook in Suid-Afrika, rekening gehou word met bekwame leiding en leiersfigure. Wat ongetwyfeld ontbreek — en dit moet veral in ons situasie as 'n ernstige gebrek aangeteken word — is werklik invloedryke Calvinisties-Christelike leierskap. Vir blankes en nie-blankes hou die gebrek 'n uiters gevaarlike toestand in.

Een toets vir goeie leierskap is seker die voeling tussen leier en volgelinge. Die opmerking van 'n onlangse besoekende joernalis, nl. dat die nasionalisme in dele van Afrika eerder onder 'n bepaalde leiersgroep as onder die groot massas leef, mag waar wees. Dit is 'n opvatting wat in breë kringe onder die blankes in die Unie ook bestaan en ligtelik aanleiding gee tot onderskatting van die erns van die situasie. Die stelling moet nader gekwalifiseer word. Nasionalisme bestaan bewustelik, in die sin van 'n bepaalde politieke program, 'n bepaalde ideaal, hoofsaaklik onder die leiersgroep. Die vraag is egter watter weerklank hierdie strewe en ideale van die leiers op die massa en hoeveel vertroue in en simpatie die massa met die leiers het. Nieteenstaande 'n betreklik klein groepie „intelligentsia" in die Goudkus met 'n groot basis van ongeletterdes en ongeskooldes, het Nkrumah die nasionale ideaal, of ten minste die eerste fase daarin, nl. die bewindsverandering verwesenlik. Dat sy verdere taak, met die materiaal tot sy beskikking, nou des te moeiliker sal wees, is begryplik. Min of meer dieselfde verhouding tussen „geleerde" leierskorps en „ongeleerde" volgelingskap bestaan blykbaar in gebiede soos die Kongo, Kenia, Tanganyika (hoewel hier reken-

ing gehou moet word met die aanwesigheid van Indiërs en Arabiere), Niassaland, die Rhodesiës en te meer nog in die Portugese gebiede. In die Franse gebiede meen ek is die kloof dalk nog wyer, vanweë die uitgesproke beleid van verfransing van 'n beperkte elite wat hulle daarna as Franse beskou.

Volgens alle getuienis is die situasie in Suid-Afrika anders, ten gevolge van die algemeen hoër opvoedkundige peil van die bevolking. Die piramiede van volgelinge tot leiers loop ewerediger met 'n minder abrupte oorgang. Die stelling dat die eintlike politiek aktiewe leiers van die Bantoe geen of min aanhang in die Bantoegebiede het, mag waar wees. Ek glo dat dit uiters moeilik te peil is vir enige blanke en wil dus eerder aanneem dat die aanhang, vertroue en simpatie vanuit die reservate groter is as wat ons geneig is om te glo. Maar selfs al sou hierdie opvatting foutteer deur te veel krediet aan die leiers te gee, bly die ander feit onweerlegbaar: wat getalle betref mag stedelike gebiede die minderheid vorm teenoor platteland en reservaat, maar kwalitatief is dit verreweg die belangrikste. Dit is die nasionaalbewuste nie-blankes in die industriële sentra wat die hef in die hand hou — hier en oral in Afrika.

### VIII ARBEID EN EKONOMIE

Dit bring meteen ook na vore die betekenis van die arbeidersbeweging in die nasionale stryd. Dit is deel van die Afrikaner se geskiedenis dat die nasionale stryd ook op die werkersfront geveg is. Weliswaar is hy op hierdie terrein gekortwiek deur die feit dat daar geen suiwer of oorwegend Afrikaanse vakunies was nie, en die stryd dus eerder binne as deur die werkersorganisasies gestry is. Die nie-blanke staan ten gevolge van die algemene arbeids- en vakunie-beleid en -struktuur eintlik in 'n gunstiger posisie. Uitgesluit uit die bekender en invloedryker erkende vakunies en derhalwe aangewese op sy eie werkersorganisasies, het die Bantoe in die Unie bv. die organisasie wat deur homself beheer word as kanaal om sy doel na te streef, onbelemmerd deur mede-leiding van ander belanghebbendes. Die posisie word versterk deur die feit dat die Bantoes vir alle praktiese doeleindes almal werknemers is, hetsy on- of halfgeskoold en 'n vakuniestryd dus geen klassestryd of belangebotsing binne dieselfde nasionale gemeenskap word nie.

In die Franse gebiede in Afrika het die vakuniebeweging blykbaar reeds tot 'n kragsfaktor gegroei. Mboya het in Kenia ook reeds die betekenis van die georganiseerde arbeid as 'n wapen in die nasionale stryd leer ken en gebruik. Dieselfde het reeds in die Rhodesiës gebeur. Vanaf die dae van Kadalie en Champion en die I.C.U. was die nie-blanke werksorganisasies in die Unie 'n dubbeldoelwapen: waardevol en gevaarlik op die ekonomiese sowel as op die politieke front. Dit was die fatale flater van Ballinger dat hy as ingevoerde adviseur van die I.C.U. die omvattende werkersorganisasie van die naturelle na Engelse model in gespesialiseerde vakunies wou omskep. Dit het die I.C.U. en as ekonomiese én as politieke wapen vernietig. Vandag word dieselfde doel nagestrewe met die C.T.U. (Congress of Trade Unions) as wapen. Daar is tans twee formeel outonome en duidelik on-

derskeibare organisasies in die veld, t.w. die A.N.C. op die politieke en die C.T.U. op die ekonomiese front. Wesentlik en prakties is dit een leër met twee wapens op twee verskillende fronte maar in dieselfde stryd. Die Bantoeleiers in Suid-Afrika besef die waarde en doeltreffendheid van hierdie dubbeldoelwapen: sukses op die politieke front is afdwingbaar deur optrede op die arbeidsfront. Hulle is geruime tyd besig om die wapens te toets en hulle vertroud te maak met die taktiese aanwending daarvan.

'n Tweede ekonomiese wapen waaroor die nasionale bewegings beskik, is die koopkrag van hulle lede. Dit is verreweg nie vergelykbaar met die beslissende krag van die arbeidersorganisasie nie. Die gevolge van 'n ekonomiese boikot is geensins so onmiddellik as dié van 'n algemene staking nie. Nogtans moet dit nie onderskat word nie. Veral in Suid-Afrika behels die gesamentlike koopkrag van die Bantoes etlike miljoene en van hulle bereidwilligheid om dit as wapen in die nasionale stryd te werp, is die bewys reeds gelewer sowel in 'n vroeëre beperkte boikot as in die busstaking en ander soortgelyke gebeure. Die Accra-konferensie het dit nie verniet aanbeveel nie.

### IX DIE TOEKOMS

Af en toe verskyn daar in die Afrikaanse koerante briewe met beskuldigings dat dié en dié persoon of daardie en daardie beleid Bantoenasionalisme bevorder en die blanke se toekoms in gevaar stel. Die remedie daarvoor is dan om die A.N.C. in die ban te doen, die leiers te arresteer, en siedaar, die verskynsel van nie-blanke nasionalisme sal nie meer bestaan nie! Ook die Engelse pers het die ontstaan en groei van nasionalisme onder die inboorlingvolke veelal as 'n verskynsel uit die bose en as 'n uitsluitlike produk van 'n apartheidsbeleid voorgestel.

Nasionalisme moes en sou een of ander tyd kom om hom te laat geld in Afrika, ongeag watter beleid ook al deur die koloniale volke gevolg is. Basies het alle Europese belanghebbendes in Afrika op dieselfde wyse gefouteer: hulle het, toe die tekens van die tyd daar was, nie rekening wou hou met die natuurlike strewe van volke na mondigheid, insluitende veral politieke en nasionale vryheid nie. Daar mag graadverskille wees, maar almal ly aan dieselfde kwaal. Blykbaar het selfs Suid-Afrika, wat die saak **prinsipieel** reg ingesien en vertolk het, **prakties** nie genoegsaam rekening gehou met die feite nie. Die algemene resultaat is gevolglik dat die blanke gesagvoerders vandag op die verdediging en beskerming gedwing is, in plaas daarvan dat hulle leidend hulle voogdyskapstaak positief en in bondgenootskap met die bevoogdes uitvoer. In 'n land soos Suid-Afrika moes die Nasionale Party en die A.N.C. die grootste bondgenote i.p.v. antagoniste gewees het!

Die situasie vra om 'n kloeke daad. „Het is in tijden van crisis, zooals wij er nu een van ongekenden omvang doormaken dat in de koloniale wereld de vicieuze geslotenheid der gevoerde koloniale politiek . . aan de dag treedt. En het is in een dergelijken tijd van crisis dat de radicale politieke daad een plaats moet vinden . . . De diepe caesuur, die deze wereldoorlog heeft getrokken in de geschiedenis en den ontwikkelingsgang

der Oostersche volken. betekent ook voor vele koloniale volken de ,volheid des tyds' waarin hun streven naar nationale vrijheid zijn innerlijke rechtvaardigheid manifesteert en zijn uiteindelijke vervulling kan verkrijgen door de geestelijk-bevrijdende daad van de opheffing van den kolonialen status, die als een obsessie iedere andere ontwikkeling in den weg stond". Ook hierdie woorde van Verdoorn ten opsigte van die verhouding Nederland-Indonesië is nie van betekenis ontbloot vir ons in Afrika nie.

In dele van Afrika het die bevryding reeds aangebreek. In andere is die dag en datum reeds bepaal. In andere vind die worsteling van die geeste, met meerdere of mindere geweldadigheid nog plaas. In sommige het dit feitlik nog nie begin nie. Maar dat die nasionale bevryding in geheel Afrika sal kom, is geen vraag meer nie. Die debatteerbare is alleen die hoe en die wanneer. Wat die wyse betref hang dit van albei betrokke partye af of die begeerde ideaal al verwerwende geskenk en of dit met brute geweld gegryp en afgeskeur sal word. Oor die tyd is daar geen profesie moontlik nie, behalwe dat dit waarskynlik gouer, selfs veel gouer sal kom as wat veral die blankes geneigd is om te glo. In Suid-Afrika self is dit reeds te laat in die dag om in algemene terme te konstateer dat die nie-blanke nie vir altyd ondergehou kan word nie of dat dit die doel van die apartheidsbeleid is om aan die Bantoe vryheid te gee wanneer die tyd daarvoor ryp is. Moet die ,,geestelikbevrydende" krisisdaad nie wees om koppe byeen te sit, blank en nie-blank, om die plan op te stel vir die vryheidsdag op 'n bepaalde jaar en dag nie al te ver in die toekoms nie?

P.U. vir C.H.O. J. H. COETZEE.

(sien ook Diskussie II in hierdie nommer)

---

**Enkele aanbevole werke:**

Apter: **The Gold Coast in Transition**— Princeton, 1955.

Azikiwe: **Development of Political Parties in Nigeria**— Londen, 1957.

Bourret: **The Gold Coast** — O.U.P., 1952.

Clark: **The New West Africa**— Londen, 1953.

Duncan: **The Sudan's Path to Independence** Edingburgh, 1957.

Farson: **Last Chance in Africa**— Londen, 1951

Hailey, Lord: **African Survey, Revised 1956**— O.U.P., 1956.

Hodgkin: **Nationalism in Colonial Africa**— Londen, 1956

MacMichael: **The Sudan** — Londen 1954.

Padmore: **The Gold Coast Revolution**— Londen, s.j. den, s.j.

Rawcliffe: **The Struggle for Africa**—Londen, 1954.

Verdoorn: **De Zending en het Indonesisch Nationalisme**— Amsterdam, 1945